

3 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14 (OAV)
Fokusgedeelte: Lukas 18:14

Skuldbelydenis roep om versoening

Die mense van hulle tyd het die Fariseërs as vroom geken en hulle was hoog in aansien by die volk. Die tollenaars was deur die volk gehaat, want hulle het hulle eie mense met te veel belasting uitgebuit en hulle so verdruk.

Die Fariseër se gewete het hom geregverdig, daarom dank hy God dat hy nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers of tollenaars. Hy was inderdaad godsdienstig en het twee keer 'n week gevas en getrou tiendes gegee. Die Fariseër bid na die getuienis wat die mense van hom sou gee en wat sy eie gewete vir hom sê.

Die tollenaar se gewete het hom veroordeel, want hy weet hy het onregverdig opgetree en geen bekommernis oor die heilige dinge van God gehad nie. Die tollenaar bid ook volgens sy gewete en wat die mense van hom sou sê. Hy kies vir homself die naam “sondaar”, 'n naam wat in Jesus se tyd gebruik is vir mense wat openlik sondig geleef het. Daarom staan hy ver weg en bid en smeek net maar om genade.

Nou is dit juis die skokkende van dié gelykenis, naamlik dat dit moontlik is dat mense jou prys en jou gewete jou vryspreek, maar God jou veroordeel. Dit is ook moontlik dat mense jou verag, jou eie gewete jou verdoem, maar God jou vryspreek. Dit is dus nie mense se oordeel of jou eie gewete wat die deurslag gee nie, maar God se oordeel.

En hoe oordeel Hy? Hy spreek die sondaar, die tollenaar, vry van skuld en regverdig hom; en die “regverdige”, die Fariseër, veroordeel Hy? Is dit omdat die tollenaar beter was as die Fariseër? Nee, hy was inderdaad dodelik skuldig voor God, maar so was ook die Fariseër.

Die Fariseër het nie sy eie hart geken nie, maar hom teen sy uiterlike vroomheid blind gestaar. Hy het op sy eie verdienste gepleit en nie om genade nie. Hy het nie onthou dat Jesaja 64:6 leer dat ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed is nie. Hy het met ander woorde nie sy skuld geken, bely en vergifnis en versoening by God in Christus gesoek nie. Die tollenaar het sy skuld geken en bely. Hy het om genade gesmeek, met ander woorde nie met sy eie verdienste versoeking met God gesoek nie, maar ter wille van Christus se verdienste.

Die Fariseër en die tollenaar was albei sondaars; die tollenaar het dit besef en bely, die Fariseër nie. Daarom is die tollenaar in Christus geregverdig en die Fariseër deur sy eie regverdigheid veroordeel.

Ons eie deugde kan ons nie met God versoen en voor Hom regverdig nie; mense se opinie en ons eie opinie dra ook niks daartoe by nie. Alleen skuldbelydenis roep om versoening. Jy moet jouself as sondaar ken en om genade in Christus roep, dan regverdig sy bloed jou voor God en versoen jou met Hom.

Sing: Psalm 51:1, 8 (1936)

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)